ANDRIES GOUWS agouwss@landbou.com



**PLAASINLIGTING**

**LIGGING**
Parys, Vrystaat

**NAAM**
Braklaagte

**GROOTTE**
13 000 ha

**EIENAARSKAP**
9 000 ha eie grond en 4 000 ha huurgrond

**VERTAKKINGS**
Beesboerdery, Simmentalerstoetery, voerkraal

**GRONDTIPES**
Rooi turf- en sandgrond

**VELDTIPES**
Gemengde soet-suur veld met dele wat hoofsaaklik rooigras is

**REËNVAL**
750 mm per jaar

**BO:** Sulke Simmentalerbulle wat aangepas en gehard is, word op mnre. Kobus en Johan Dannhauser se veiling aangebied. Aanvanklik is die stoetery begin om in hul eie behoefte aan bulle te voorsien, maar mettertyd het dit in een van die voorste stoeterye in die land ontwikkel.

**LINKS:** Die welslae van hul kruisteeltstelsel word grootliks bepaal deur die gehalte van die diere wat die Dannhausers gebruik. Sulke puik bulle, soos Herry op die foto, verseker welslae, terwyl 'n swak bul 'n mens se onderneming groot skade kan berokken.

'Ek het begin twyfel of dit raadsaam is om elke jaar die familie-erfenis in 'n dobbelspel in die grond te sit.'

# Simmentalerbulle kern van kruisteelt-sukses

'n Bekroonde saaiboer het sy boerdery omgeswaai in 'n suksesvolle beesboerdery met slim kruisteling as deel van sy suksesresep.

**KORTOM**

- 'n Top-graanboer swaai sy besigheid met sukses om in 'n voorste beesboerdery.
- Hul eie Simmentaler-stoetery voorsien bulle vir kruisteling.
- Daar is gevind dat 'n kruiskoei met 75% Europese en 25% Afrika-bloed by rasegte Simmentalerbulle die beste werk.
- 'n Voerkraal verseker ook dat vervangingsverse weer die regte gewig bereik om op 27 maande te kan kalf.

Daar is nie 'n swak beesras nie, maar in elke ras is daar puik diere waarmee 'n mens groter welslae behaal as jy hulle goed bestuur en oordeelkundig in 'n kruisteelprogram gebruik. Só sê mnr. Kobus Dannhauser van Braklaagte naby Parys. "Ondervinding het geleer dat ons die beste vaar met ons bestuur en toestande as ons puik, rasegte Simmentalerbulle by ons kruisraskoeie gebruik," sê hy.

Dit is 'n boerdery wat 'n lang pad kom. Kobus is die sesde geslag wat op die Vrystaatse plaas boer en sy seun, Johan, wat saam met hom boer, is die sewende geslag. Die familie is nou 127 jaar op die plaas.

Grootoupa George Nicolaas het op 1 Januarie 1877 begin boer. In 1882 het hy die plaas van 940 ha amptelik afgemeet.

"Sedertdien het die familie met groot welslae op die grond voortgeboer en vandag boer ek en Johan op 13 000 ha, waarvan 9 000 ha ons eie grond is," sê Kobus.

## GRAANBOER VAN DIE JAAR

Hy was in 2005 Suid-Afrika se Graanboer van die Jaar. Die aand ná hy die toekenning ontvang het,

FOTO'S: COBUS EKSTEEN



**BO:** So lyk die tipiese Simmentaler-stoetkoeie wat besonder goed presteer op Braklaagte.

het hy ernstig nagedink. "Ek het toe 4 000 ha gesaai. Wat is die volgende stap? Daar was berge mielies, die prys was af, die wêreldmarkte was nog nie so toeganklik soos nou nie. Graan SA het aanbeveel dat boere 30% minder mielies moes plant.

"Ek het in my hart begin twyfel of dit raadsaam is om elke jaar die familie-erfenis in 'n dobbelspel in die grond te sit. Versekering teen droogte was nog aan die ontwikkel en mieliekultivars nog nie naastenby so goed en aangepas as vandag nie.

"Dit was 'n groot besluit, maar ek het alles gestaak, binne 'n dag al my werktuie verkoop en al my landerye aan saaiboere verhuur wat op dieselfde gevorderde manier as ek geboer het. Ek wou verseker die grond word goed in stand gehou.

## BEESBOERDERY

"My mikpunt was om die beesboerdery binne vyf jaar ten volle op dreef te kry. Ek wou 'n Simmentalerstoetery vestig wat onder die voorstes in die land sou tel. Ek wou ook 'n voerkraal op die plaas begin om ons eie kalwers en dié van uitgesoekte boere in die omgewing af te rond en só 'n mark vir sowat 4 000 ton graan te skep.

"Die kern van die kudde was Afrikaners. Trouens van 1880 tot omstreeks 1980 is daar met suiwer Afrikaners op die grond geboer. Met die koms van voerkrale in die tagtigerjare het dit egter gou duidelik geword dat as 'n mens mededingend wil bly, kruisteling die rigting was om in te slaan," vertel Kobus.

Hulle het Simmentalerbulle by die Afrikaners gebruik. Hulle het nie Afrisims geteel nie, eerder Afrikanerkruisings met 'n bles. Die syfers en die skaal het gewys hulle was op die regte pad.

Vandag het hulle 'n kommersiële kudde van nagenoeg 3 000 koeie waarbinne troppe rasegte (maar sonder papiere) Bonsmaras, Afrisims, Simmentalers en Simbras is.

"Ons winsmarge was onder druk en met ons proefnemings het ons vasgestel dat ons 'n kruiskoei met 75% Europese en 25% Afrika-bloed in haar are moet teel en die beste beskikbare Simmentalerbulle by haar moet gebruik.

"Maar die proefnemings het ook vir ons gewys dat daar nie 'n swak vleisbeesras bestaan nie, maar dat daar binne elke ras puik diere is. Die kombinasie wat ons gekies het, vaar net die beste met ons bestuurstelsel en in ons toestande," sê hy.

Daarom het hulle in 2007 besluit om hul eie Simmentalerstoetery te begin, aanvanklik om bulle vir eie gebruik (sowat 80 bulle per dektyd) te teel. Intussen het die Deo Volente-stoetery, wat heeltemal afsonderlik met sowat 250 vroulike diere bedryf word, egter tot een van die voorstes in die land gegroei.

## VOERKRAAL

Met die groot getal beeste het hulle ook gou besef dat 'n voerkraal vir hulle noodsaaklik was. "As ons speenkalwers bemark het, was die prys altyd laag. Ons het besef ons moes waarde toevoeg om 'n beter wins te kan maak.

"Die voerkraal het ook vir ons die geleentheid ▶

'Ek wou 'n Simmentaler-stoetery vestig wat onder die voorstes in die land sou tel.'

Die Dannhauser-gesin. Agter, van links is pa Kobus, ma Gezina en Johan, met sy vrou, Linda, regs voor. Van links voor is Carina en Devina, die twee dogters wat ook baie in die boerdery belang stel.

**LBW VRA ...**

### MNRE. KOBUS EN JOHAN DANNHAUSER

**WAT IS DIE BELANGRIKSTE BESLUIT WAT JULLE IN DIE BOERDERY GENEEM HET?**
**Johan:** Om die werktuie te verkoop, die saaiboerdery te staak en aan die werk te spring om die kommersiële beesboerdery, stoetery en voerkraal op die plaas tot dieselfde hoë vlak te neem as wat die saaiboerdery was.

**WIE WAS JOU BELANGRIKSTE MENTOR?**
**Johan:** My pa, wat my geleer het dat harde werk en jou liefde vir jou beroep grootliks die welslae bepaal van wat jy behaal.

**WAT IS DIE SNAAKSSTE DING WAT OP JUL PLAAS GEBEUR HET?**
**Kobus:** 'n Groep gesteelde beeste wat ná 'n tyd op hul eie weer op die plaas aangekom en by hul trop aangesluit het.

In dié voerkraal op hul plaas rond die Dannhausers hul eie speenkalwers en dié van uitgesoekte boere in die omgewing af om waarde tot die diere toe te voeg.

geskep om ons vervangingsverse vroeg op die regte gewig te kry sodat hulle op 27 maande die eerste keer kon kalf. Deur hulle in die voerkraal voor te berei, raak hulle gewoond aan hantering, is dit maklik om hul inentingsprogram in stand te hou en word die speenskok uitgeskakel. Ná hulle 60 dae in die voerkraal was, gaan hulle uit op die beste weiding wat dan beskikbaar is en is hulle reg vir die bul as hulle sowat 18 maande oud is," sê Johan.

## VERSE

Die verse wat nie in die kudde opgeneem word nie en wat goed genoeg is om self te gebruik, word as dragtige of nie-dragtige verse verkoop. Kobus voorsien dat ál meer boere mettertyd al hul speenkalwers gaan bemark en dragtige verse as vervangingsdiere gaan koop. Dit maak die winsgewendheid van die beesboerdery net veel hoër en die bestuur makliker.

Hulle vervang van 25% tot 30% van die koeie elke jaar met verse. Die geheim van hul welslae is dat die verse wat die koeie vervang, dragtig moet wees. Die oogmerk is om 95% van die verse op die veld dragtig te kry. Dié wat nie dragtig is nie, word geslag.

## OSSIES

Sowat 2 000 ossies kan in twee siklusse per jaar deur die voerkraal gaan. Met hul inname word hulle in groepe van naastenby dieselfde gewig ingedeel en van 105 dae tot 140 dae lank afgerond.

Die gemiddelde gewigstoename is van 1,8 kg tot 2 kg per dag en hulle word bemark as hulle karkasse van gemiddeld 300 kg kan lewer. Só voeg die Dannhausers van R1 000 tot R1 500 se waarde tot elke kalf toe.

'n Groot deel van dié welslae kan toegeskryf word aan basterkrag wat tot 20% beter groei lei. "Ons kan nie dieselfde welslae met sintetiese rasse behaal nie. Kruisteling bly die antwoord.

"Daarom koop ons van die beste, rasegte bulle wat ons in die hande kan kry en produseer self top-Simmentalerbulle.

"Ons gebruik twee dektye om bestuur te vergemaklik en 'n beter vloei deur die voerkraal te handhaaf. Die somerdektyd begin op 1 Desember en duur tot 15 Februarie en die tweede is van 1 Junie tot 15 Augustus.

" 'n Koei wat weens die kort dektyd en groot troppe oorgeslaan het, kry 'n tweede kans deurdat sy na die volgende dektyd aangeskuif word. As sy weer oorslaan, is sy uit.

"As ons die kalwers speen, doen ons dragtigheidsondersoeke. Die koeie loop in troppe van 200 diere op natuurlike veld. In die winter loop hulle op oesreste as dit beskikbaar is, anders net op veld. Die koeie kry deur die jaar 'n onderhoudslek. Die koeie wat in die winter kalf, sowel as die verse wat die eerste keer gekalf het, kry in die swaar tye 'n produksielek.

"Ons mik na 'n speenpersentasie van 85. Die verse wat die eerste keer moet kalf, moet in die regte kondisie wees sodat hulle makliker weer die regte kondisie kan bereik vir die tweede dektyd. Die dragtigheidsyfer is dan normaalweg sowat 10% laer as met die eerste dekking. Die verse se eerste kalwers se speengewig is normaalweg ook sowat 10% onder die gemiddelde van die kudde," sê Kobus.

## SPEENKALWERS

Die ideale koei wat hulle gebruik, se volwasse gewig is hoogstens 550 kg. Van haar word verwag om 'n kalf te speen wat minstens 50% van haar gewig weeg.

"In goeie jare is daar speenkalwers wat tot 60% van die koeie se gewig weeg. Ons kan dit net regkry met die vleis- en groei-eienskappe wat die Europese rasse in die kruisdiere neerlê," glo hulle.

"Dit word weerspieël deur die syfers van 'n kudde van 200 uitsoekkoeie van 'n bekende plaaslike sintetiese ras wat met rasegte bulle 'n gemiddelde speengewig van 215 kg tot 230 kg gegee het.

"Toe ons in presies dieselfde toestande suiwer Simmentalerbulle by die koeie gebruik het, was die gemiddelde speengewig van hul kalwers in die eerste jaar van 245 kg tot 255 kg.

"Dit het met al ons koeikuddes gebeur. Die afgelope jaar was die gemiddelde speengewig van al ons speenkalwers 285 kg en oor die laaste vyf jaar was die gemiddelde speengewig 275 kg.

"By ons suiwer kommersiële Simmentalerkoeie gebruik ons Brahman- of Afrikanerbulle. Die gemiddelde speenpersentasie is 90 en die gemiddelde speengewig 283 kg. Afrikaner- en Boranbulle word gebruik om alle verse die eerste keer te dek.

"Dit is waar dat die groter Simmentalerkoeie se onderhoudsvereistes hoër is. Maar dit werk soos met 'n Kewer en 'n Ferrari. Albei gaan jou by jou bestemming bring, maar as jy 'n bietjie ekstra brandstof ingooi en die pad effens gelyker maak, gaan die Ferrari dit net soveel gouer en makliker doen." **LBW**

'Teling werk soos 'n Kewer en 'n Ferrari. Albei gaan jou by jou bestemming bring, maar met meer brandstof en 'n gelyker pad gaan die Ferrari dit net soveel gouer en makliker doen.'